



Wes-Kaapse Provinsiale Parlement
Western Cape Provincial Parliament
IPalamente yePhondo leNtshona Koloni

KENNISGEWINGS VAN MOSIES

FEITEBLAD 8

HERSIENING 1, 12 JULIE 2016

Kennisgewing moet van elke mosie gegee word, behalwe vir 'n paar uitsonderings wat in die staande reëls gelys word. In die algemeen moet die Huis vroegetydig van enige mosie ingelig word sodat die Lede genoeg tyd het om vir die debat voor te berei en 'n standpunt in hul partye oor die saak in te neem.

Daar mag slegs van kennisgewing afgesien word as al die Lede wat teenwoordig is, eenparig daartoe instem. As 'n Lid 'n mosie sonder kennisgewing wil voorstel, moet hy/sy eers met die ander partye oorleg pleeg om hul toestemming te verkry. As dit nie gedoen word nie, is dit onwaarskynlik dat Lede sal instem dat 'n mosie voorgestel word as geen kennisgewing daarvan gegee is nie.

Kennisgewing van 'n mosie kan gegee word óf deur die mosie hardop in die Huis voor te lees wanneer die Voorsittende Beampste vir kennisgewing van mosies vra óf deur 'n ondertekende afskrif van die kennisgewing op enige parlementêre werkdag in te dien. Die teks van die mosie sal dan op die Ordelys van die volgende sittingsdag gedruk word.

Onmiddellik nadat mondelinge kennisgewing van 'n mosie gegee is, word daar van 'n Lid vereis dat 'n ondertekende, skriftelike afskrif van die kennisgewing by die Tafel ingedien word. As alternatief kan 'n Lid 'n ondertekende afskrif van die kennisgewing by die Sekretaris vir plasing op die Ordelys indien.

As 'n Lid daartoe gemagtig is, kan hy/sy kennisgewing van 'n mosie namens 'n afwesige Lid gee.